Voorwoord

In Januarie 2017 het die jaarlikse byeenkoms van die "Society of Practical Theology in South Africa," met die tema, "Decolonising Practical Theology in South Africa," op Stellenbosch plaagevind. Een van die referate by dié konferensie wat ons in die huidige uitgawe van die *Stellenbosch Teologiese Joernaal* (*STJ*) insluit, is Johan Cilliers se "The Kairos of Karos: Revisiting Notions of Temporality in Africa." Heelwat ander artikels in hierdie uitgawe het ook 'n direkte verwysing na Afrika in die titel (vergelyk byvoorbeeld die artikels van Agbiji, Akinloye, Akper, Biwul, Kakwata, Kuanda en Kgatle).

In hierdie uitgawe van die STJ verskyn drie artikels deur Nederlandse teoloë van die Protestantse Teologiese Universiteit (PThU) wat in Oktober 2017 op Stellenbosch as voordragte by 'n konferensie oor "Justice for Strangers and the Right to be Particular" gelewer is (kyk na die artikels van De Lange, Rondaij, en Van Klingen). Die artikel deur Theo de Wit – 'n politieke filosoof, eweneens van Nederland – oor Charles Taylor en die konsepte van identiteit en erkenning is weer in Augustus 2017 by 'n seminaar oor politieke teologie aangebied.

In die eerste uitgawe van die *STJ* (Januarie 2015) is 'n resensie-artikel deur Ernst Conradie oor die hersiene uitgawe van Anton van Niekerk se veelbesproke boek *Geloof sonder sekerhede*: *Hoe kan ek nog glo*? gepubliseer. In hierdie uitgawe plaas ons graag Van Niekerk se uitgebreide reaksie op Conradie se resensie-artikel.

Naas die 24 portuurgeëvalueerde artikels (vanuit 'n verskeidenheid van vakdissiplines en gesigspunte) sluit ons ook twee resensies in, onderskeidelik van boeke deur John de Gruchy en Steven Paas.

Robert Vosloo

Redakteur: *STJ*